

Voedingsbehoefte van die Lakterende Ooi

(Geskrif deur: Raché Stofberg, Diervoedingskundige, Wesfed voere) Mei 2015



Die voeding van 'n ooi het die grootste impak op die sukses of mislukking van 'n skaap onderneming se produksie. Dit is uiters belangrik om gebalanseerde rantsone aan ooie te voer wat aan hul voedingsbehoefte voldoen op die goedkoopste basis.

Laktasie is die fase van produksie waar die ooi die hoogste voedingstof aanvraag het. Die hoeveelheid voedingsstof wat in aanvraag is, is egter afhanklik van die aantal lammers wat gevoed moet word. As gevolg van die groot verskil in die voedingsbehoefte van lakterende ooie, is laktasie 'n belangrike tyd om skape in produksie groepe te verdeel volgens enkelinge of meerlinge. Ooie met tweeling lammers produseer 20 tot 40% meer melk as dié met enkelinge, dus sal hul 'n groter voedingsbehoefte hê. Melkproduksie speel die grootste rol by voorspeense groei as enige ander faktor. Ongeveer 70% van die variasie in groeiselheid word bepaal deur die

hoeveelheid moedersmelk wat die lam ontvang.

Ooie se melkproduksie piek ongeveer 21 dae vanaf laktasie, waarna dit vinnig afneem en matige melkproduksie vlakke handhaaf tot en met 6-8 weke van laktasie. Melkproduksie van die ooi is hoog oorerflik, en deur vir swaarder speenmassas te selekteer sal die nageslag se melkproduksie potensiaal ook verbeter. Daaglikse voer inname van die ooie kan verhoog word deur meer gereeld te voer, byvoorbeeld 'n ooi met 'n enkeling word een tot twee keer per dag gevoer, terwyl 'n ooi met 'n tweeling twee keer of meer 'n dag gevoer word.

Proteïen en energie is beide kritiese voedingsstof vir melkproduksie. As enige van hierdie voedingsstof onder die behoefte van die ooi gevoer word, sal melk opbrengste en lam winste met 10% of meer daal, afhangend van die grootte van die

tekort. Omtrent alle ooie verloor gewig tydens laktasie, sekere ooie verloor meer as 15 kg. Dit word toegeskryf aan energie innames wat ver onder die behoeftes van die ooi is, en diere gaan in 'n negatiewe energie balans, dus begin hul vet reserwes mobiliseer om melk produksie te onderhou. Tradisioneel was vet mobilisering gedurende laktasie gesien as 'n manier om voerkostes te beheer, maar oortollige gewig verlies kan tot groot kostes lei. Hoe meer massa 'n ooi gedurende die eerste 6 weke van laktasie verloor, hoe later sal haar volgende teelseisoen begin. Ooie wat minder as 0.5 kondisietelling verloor gedurende 'n 60 dae laktasie periode, sal nie ly in terme van melkproduksie nie.

Gewig verlies gedurende laktasie het 'n impak op proteïen behoeftes. Voldoende verbyvloei proteïene is uiters belangrik wanneer die ooi te min energie inneem tydens laktasie. Hoe meer gewig die ooie verloor, hoe hoër sal hulle proteïen behoeftes word. Hierdie situasie kan toegeskryf word aan die vermoë van die ooi om effektief liggaams vet te mobiliseer, maar 'n minimale vermoë besit om liggaams proteïen te mobiliseer vir melk sintese. Indien die liggaamsvet ongeveer 30% bydra tot die energie behoeftes vir melkproduksie in die eerste 4 weke, benodig 'n 75 kg ooi wat 'n tweeling soog 110-115g verbyvloei-proteïen per dag. Die sleutel is om seker te maak dat die ooi nie soveel gewig verloor dat sy nie terug kan herstel na 'n goeie kondisie telling gedurende die onderhouds periode nie.


Die voorsiening van kruipvoer aan lammers ongeveer 'n week na geboorte, is nie net voordelig vir die lam nie, maar hou ook voordele vir die ooi in. Lammers bereik speenmassas vroeër en word vinniger gewoond aan vastestowwe. Daarom word minder druk op die ooi geplaas om hoë melkproduksie te handhaaf, want lammers se melk innames oor die totale laktasie periode

is aansienlik minder. Ooie verloor nie so drasties kondisie oor 'n laktasie nie en kan op 'n beter kondisie opgedroog word.

Dit is belangrik om nie te veel graan aan ooie te voer gedurende die geboorte tydperk nie. Hierdie situasie kom dikwels voor wanneer daar probeer word om die melkproduksie van ooie te versnel wat nie genoeg melk het om hul lammers te soog nie. Hierdie oorvoeding van graan kan asidose (suurpens) en ander metaboliese steurnisse veroorsaak, wat lei tot minder melk produksie, eerder as meer. Pasgebore lammers neem ongeveer 10% van hul liggaams massa in die eerste dag of twee van hul lewe in, daarom is dit nie nodig om die ooie so vroeg te druk vir melk produksie nie. Graan of aanvullende voeding kan ongeveer 24 tot 48 uur na geboorte begin voer word. Die verdeling van die hoeveelheid voer wat per dag gevoer word sodat daar meer gereeld 'n dag gevoer word, kan ook help om asidose te voorkom, veral wanneer hoë konsentraat rantsoene gevoer word.

Dit is ook belangrik om oorvoeding van ooie te voorkom rondom sewe tot tien dae voor speen. Dit is krities dat die voor-speense voeding aangepas moet word om sodoende mastitis probleme te voorkom. Dit word gedoen deur die hoeveelheid graan voeding vir die laaste tien dae voor speen te verminder en die toevoeging van lae kwaliteit hooi te verhoog. Deur hierdie bestuurs inset te volg, word die proteïen en energie inname van die ooi beperk, wat beide nodig is vir melk produksie. Die voer van strooi die laaste 2-3 dae voor speen sal melk produksie verder tot 'n stop bring. Na speen moet ooie onderhou word op 'n lae kwaliteit voer vir 3-7 dae om hul met die opdroog proses te help.

'n Goeie gebalanseerde dieet gedurende laktasie is nie net tot voordeel van die ooi se hitesiklus nie, maar ook vir die pasgebore lam en sy ontwikkeling om hoë speen persentasies

te verseker. Die ooi sal ook vinniger weer op 'n goeie kondisie kom na speen om sodoende gereed te maak vir die volgende teel seisoen. Goeie bestuur en korrekte voeding is dus van kardinale belang om 'n winsgewende skaap boerdery te verseker. 



Email: rache@wesfed.co.za

Website: <http://www.wesfed.co.za/>

Cell: +27 72 662 2829

Work: +27 22 433 4706

Moorreesburg

7310